Gebeds † Nuus

Maart 2018

Inwyding van kerk in Al-Aour

MAAK HOOP SIGBAAR

SUD-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2018 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

Gebed en Lofprys

INWYDING VAN KERK IN EGIPTE

Presies drie jaar na die skokkende onthoofding van 21 Egiptiese Christene op `n strand in Libië, is `n nuwe kerk, ter nagedagtenis van die martelare, in die Egiptiese dorpie, Al-Aour ingewy.

SAT-7 het die inwydingsdiens (15 Febr) van die nuwe Kerk van die Martelare van Geloof en Vaderland regstreeks aanlyn uitgesaai op 22 Februarie en 1 Maart op satelliet TV.

Meer as 500 Koptiese Christene van die Minya streek het die kerk volgepak vir die inwydingsdiens, gelei deur Biskop Bevnotious, Kopties Ortodokse Biskop van Samalout.

Een van die aangrypendste oomblikke in die diens, gekenmerk deur wisselende emosies van vreugde en trane, was Biskop Bevnotious se salwing van die altar waarop die name van al 21 jong Christen martelare op die sykante gegraveer is.

"Vandag onthou ons ons martelare wat drie jaar gelede in Libië vermoor is. Messe is teen hul kele gehou sodat hulle hul geloof moet ontken nadat hulle ontvoer en veertig dae mishandel en gedreig is. Maar, soos die martelare deur al die eeue in die geskiedenis van ons kerk, het hul aan Christus vasgehou. Hulle is voorbeelde vir ons om te volhard in ons geloof en in verbondenheid aan Christus ten spyte van omstandighede. Hulle is nou in die hemel waar hul vir ons bid." Biskop Bevnotious het voortgegaan om die gelowiges te herinner aan die 120 ander Koptiese Christene wat sedert Desember 2016 in terroriste aanvalle in Egipte vermoor is.

Nashwa Louis, SAT-7 Direkteur wat die geleentheid verfilm het, vertel dat hy verwag het om "hartseer en treurende mense te sien, maar hulle was vol vreugde en vertroos. Die mooi kerk is groot en was volgepak met gelowiges. Selfs die ruimte buite was vol Christene van die dorp. Hulle was almal so oorstelp van vreugde dat dit soos `n feesgeleentheid gevoel het."

- **Dank God vir die nuwe kerk in Al-Aour.**
- **Loof Hom vir die toegewyde Christene in Egipte wat liefde en vergifnis leef te midde van aanvalle. Bid dat hierdie getuienis baie na Christus sal lei.**
- **Bid God se beskerming vir die Christene in Egipte.**

Gebed en Lofprys

SING UIT EEN HART

SAT-7 het onlangs `n reeks musiek video's in Libanon verfilm. Hierdeur word gepoog om gelowiges van verskillende Christen tradisies te verenig in hul lofprysing.

Libanon het `n ryke verskeidenheid Christen gelowiges. Daar is Evangeliese Kerke soos die Opstandings Kerk in Beirut terwyl die meerderheid van Libanon se Christene aan die Maroniete, Ortodokse en Melkiet-Katolieke tradisies behoort.

SAT-7 vervaardiger, Andrew Gamal het Libanon onlangs met sy span besoek, en 40 video's wat die verskillende musikale style van die streek verteenwoordig, verfilm.

Van uitstaande musikale talent is die Libanese Maroniete koor, die Heilige Rafqa Koor* onder leiding van Suster Marana Saad. Die koor sing hoofsaaklik Maroniete kerkmusiek en is toegewy aan "die gebedsuitdrukking van die Woord deur middel van musiek."

Gamal vertel van die vreugde om spesifiek een van die Koor se liedere te verfilm. Dit was die laaste dag van verfilming, en hoewel die hele span moeg was, het die lied, gebaseer op Ps 121, `n onuitwisbare indruk op Gamal gelaat.

"Toe hulle begin sing was die teenwoordigheid van die Gees van God voelbaar in die gebou," getuig Gamal. "Trane het oor my wange gerol, en ek het gevoel dat ek nie werd is om dit te beleef nie."

Deur kykers bekend te stel aan musiek wat hul andersins nie sou gehoor het nie, werk SAT-7 mee om begrip en eenheid tussen gelowiges van verskillende agtergronde te skep.

"As mense Jesus sien en beleef in die aanbiddingsmusiek," beklemtoon Gamal, "sal hulle die opregtheid van ander gelowiges se geloof ervaar. Musiek is `n universêle manier om oor en met Jesus te praat. Selfs kykers wat nie die taal verstaan nie, kan in die Gees dieselfde emosie beleef."

- **Dank God vir die krag van musiek waardeur gelowiges in eenheid saam kan aanbid! Bid dat die nuwe musiek video's mense se harte sal aanraak.**
- **Dank God vir die verskeidenheid van gelowiges in Libanon. Bid dat hul eenheid sal ervaar.**

* https://www.youtube.com/watch?v=2_iKww71nd8

ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hul boodskappe lees:

**Van `n kyker in Iran:** "Dankie vir die Bybel wat julle vir my gestuur het, maar my ouers het dit weggevat. Nou moet ek in parke slaap of by vriende. Kan julle asseblief weer vir my `n Bybel stuur en ook vir my verhouding met my familie bid?"

Van `n kyker in Afghanistan: "Help my om te weet wat die waarheid oor God is. Hoor Hy regtig my gebede en gee Hy om oor my probleme?"

Van `n kyker in Marokko: "Ek hou baie van jul program *Ons Sal Sing ...* Ek geniet jul liedere oor die internet en op TV. My lewenstyl het verander want ek is nader aan God ..."

Shadia van Saoedi-Arabië skryf die volgende nadat hy `n diens uit die Kasr El Doubara Evangeliese Kerk op SAT-7 gevolg het: "Ek begin my dag saam met julle. Ek het die ondersteuning wat julle my altyd bied nodig! Dankie."

**Saeed van Iran, `n nuwe gelowige skryf:** "Dankie dat julle saam met my tot Christus gebid het. Na `n lang soektog het ek gesien hoeveel anders Christus as die ander profete is. Hy is die enigste een wat nooit gesondig het nie, nooit geweld gebruik het om Sy standpunt te bewys nie. Hy is die regte rolmodel vir my om na te volg. Weereens, dankie dat julle my gehelp het om nader aan Hom te kom."

SHIRIN SE GETUIENIS

Vandat ek drie jaar oud is probeer ek God nader aan my bring deur gebed, maar my gebede was soos `n ritueel. Ek het Sy stem nie eenkeer gehoor nie. Sy stilswye en my onvermoë om Hom te hoor het my seergemaak, bekommerd en depressief. Hoe meer ek probeer het om nader aan Hom te kom, hoe meer het ek gedink Hy hoor my nie of wil nie met my praat nie.

In julle programme het ek gehoor mense vertel dat hulle die stem van God kan hoor. Dit het my laat wonder wat is fout met my? Waarom hoor ek Hom nie? Dit het my gedryf om jul programme te volg.

Nou verstaan ek beter hoe om te bid, danksy jul programme: dat ek God in my lewe moet innooi en nie probeer om Hom te dwing om op te tree nie; en om opreg my sonde te bely.

Die oomblik wat ek op hierdie manier begin bid het, het ek Sy stem die eerste keer met my hoor praat: "Bly in my liefde" Joh 15:9. Al het ek nog nooit Sy Woord gelees nie, het Hy Sy Woord met my begin praat. Van daardie oomblik af was my gebroke hart genees.

Dit was God wat na my toe gekom het en nie ek nie — Sy werk (daad), nie myne nie. Al wat ek moes doen om Hom te leer ken, was om Hom opreg in my lewe in te nooi. Van daardie oomblik af is Hy met my en ervaar ek Sy teenwoordigheid daagliks.

- Shirin, Turkye

- **Dank God dat Shirin Hom leer ken het. Bid Sy seën op haar.**
- **Bid dat baie meer mense in Turkye God se stem sal hoor deur SAT-7 se programme.**
- **Bid dat God deur Sy Gees wysheid en insig aan die SAT-7 beradingspan, wat kykers bystaan, gee.**

ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hul boodskappe lees:

Van `n kyker in Turkye: "Ek volg jul programme al geruime tyd en sien die geloof wat julle het. Kan julle vir my bid om te groei in my geloof?"

Van `n kyker in Irak: "Ek verstaan nie die Christelike beginsel van vergifnis nie. Help my om hierdie vreedsame lewenswyse te verstaan."

**Van `n kyker in Iran:** "Ek is `n nuwe gelowige en hou daarvan om saam met ander gelowiges te aanbid en lofprys. Daarom reis ek agt ure om kerk toe te kan gaan. Bid vir my."

Van `n kyker in Algerië: "SAT-7 KIDS is die enigste kanaal wat ek gemaklik voel om my kinders te laat kyk. Ek bid dat God julle sal beskerm en seën."

Amir van Iran: "Dit is al `n paar jaar wat ek weet van Christus, maar het Hom nou eers werklik leer ken deur julle kanaal. Ek het baie probleme gehad totdat ek een van julle aanbiddings programme gevolg het. Ek het `n ongekende vrede ervaar en, angstig om meer te weet, het ek julle programme begin volg."

Melad van Egipte skryf die volgende nadat hy die *My Skool* program begin volg het: "Ek kyk graag na *My Skool.* Ek het nie geweet hoe om in Frans te skryf nie maar danksy julle program verbeter my Frans. Baie dankie!"